# VOORWOORD

Sowat drie jaar gelede is daar 'n Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie gestig. Die bedoeling van die stigting was veral om vakmanne op hierdie vakgebied die geleentheid te bied om 'n gesamentlike poging aan te wend tot bevordering van publikasies en navorsing op die gebied van Praktiese Teologie. Om hierdie doelstelling te verwesenlik word daar jaarliks 'n vergadering van die lede gehou. By hierdie geleentheid word dan verskillende lesings oor temas uit die Praktiese Teologie aangebied. Dit spreek eintlik vanself dat sulke voordragte gepubliseer moet word as hierdie werkgemeenskap werklik studie op sy vakgebied wil stimuleer en bevorder.

Die werkgemeenskap kan egter om verskillende redes nog nie oorgaan tot die uitgee van 'n eie vakwetenskaplike tydskrif of iets dergeliks nie. Daarom is hy vir publikasie van sy werkresultate nog afhanklik van ander wetenskaplike teologiese tydskrifte. Hiervan bestaan daar in ons land egter ook nie 'n oorvloed nie. Op hierdie wyse is die Hervormde Teologiese Studies vir die tweede keer bevoorreg om diens aan die vakwetenskaplike teologie te kan lewer. Die Studies het naamlik die 1969 kongresreferate geplaas en plaas nou hiermee die 1971 kongres-voordragte van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie.

Praktiese Teologie wat eintlik die aspoester onder die teologiese vakwetenskappe is kry hier in Suid-Afrika al meer erkenning op 'n tydstip wat in die geskiedenis van die Praktiese Teologie seker bekend sal staan as die era van die worsteling oor die regte verhouding tussen Praktiese Teologie en die hulpwetenskappe soos Sielkunde, Sosiologie, Pedagogiek en dies meer. Dat daar in Suid-Afrika ook al standpunte in verband met hierdie beweging op die gebied van Praktiese Teologie gekies, ingeneem en selfs al weer hersien en verlaat is, sal uit hierdie referate seker genoegsaam blyk. Daarom is dit dan ook te verwagte dat standpunte en insigte in hierdie referate weergegee, sekerlik pro- en contra- reaksies sal opwek. Dit sal baie goed wees én deur die Studies én deur die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie hartlik verwelkom word — nie ter wille van enigiets anders as die werklike begeerte om die reformatoriese teologie in Suid-Afrika te stimuleer en bevorder nie.

Elke skrywer staan uiteraard self vader vir standpunte en insigte voorgedra in die stuk wat onder sy naam verskyn. Intussen hoop beide die redaksie van die Studies en die Werkgemeenskap, dat die publikasie van die voorgedrae standpunt en insigte die teologiese besinning tot welsyn van die Reformatoriese Kerk in Suid-Afrika positief sal dien.

Mag hierdie hoop deur hierdie publikasie in vervulling gaan.

J. I. DE WET,
Sekretaris: Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie.

PRETORIA

Augustus 1971.